# 2026 KLEINGROEP HELPer GIDS

# WELKOM

Baie dankie dat jy bereid is om 'n 'n groep HELPer te wees. Dankie dat jy 'n hart het vir mense en dat jy 'n omgewing wil skep waar mense saam die Woord van die Here kan lees en toelaat dat die Heilige Gees vir ons nuwe dinge kom oopbreek en leer oor die Here. Ons is opgewonde om te sien wat die Here in ons gemeente gaan kom doen en die groei wat Hy wil bring. Natuurlik is van die persone wat die meeste groei, die persone soos jy wat help om 'n omgewing te skep waar dit kan gebeur.

Hier is 'n gids om jou te help in die volgende paar weke en sodat jy die nodige inligting te hê om die groep te fasiliteer. Die belangrikste ding sal wees om jou groep bymekaar te kry. Nadat jy die name van jou groep gekry het of self mense genooi het na jou groep, kan jy hulle kontak en 'n tyd vasmaak vir 'n weeklikse byeenkoms. Maak dalk 'n Whatsapp groep en nooi die mense na die groep. Daarop kan jy dan kommunikasie plaas sodat julle vinnig kan besluit wanneer julle bymekaar kan kom. Die leesplan en die 21 Dae van Vas en Gebed begin reeds **19 Januarie en duur tot 8 Februarie**. Jy sal wel sien dat die gids voorsiening maak vir 6 weke. Sommige mense gaan dalk hulleself net verbind vir die 3 weke van die vas, maar ons wil jou vra om die mense aan te moedig om hulself tot die einde van die kwartaal te verbind. Indien hulle egter na 3 weke nie meer deel wil wees nie of selfs na die 6 weke, is daar geen verpligting nie. Kommunikeer dit ook so aan hulle. Indien hulle egter hulself verbind, kan julle as groep in 8 weke saam deur die Nuwe Testament lees. Wat 'n wonderlike vooruitsig om die jaar so te begin!

Ons is egter oortuig dat die waarde en lewe van Christenskap in groepe gebeur en nie in rye in die kerk nie. God se plan was dat ons sinvolle verhouding sal ontwikkel met ander gelowiges sodat ons die “mekaar stellings” van die Nuwe Testament kan uitleef. Kleingroep is die maklikste en beste plek waar dit in die kerk kan gebeur.

Maak dus 'n tyd vas wanneer julle bymekaar gaan kom. Indien julle net 'n ken-mekaar wil hou in die eerste week van 19 Januarie, is dit goed en dan kan julle die bespreking begin in die week daarna, nadat almal al die week se leesplan deurgewerk het. Gee asb. die leesplan en die skakels na die verskillende video’s deur aan jou groep. Ons moedig aan dat julle die video’s deurkyk voor die week se leeswerk omdat dit 'n oorsig gee oor dit wat jy in die week gaan gee. Indien iemand nie al die leeswerk van die week kon deurwerk nie, kan hulle net weer saam begin met die volgende week se materiaal. Anders voel mense hulle moet die heeltyd inhaal en hulle wen nooit nie.

Ons gaan ook tydens ons Sondag dienste 'n reeks oor die Bybel doen en om mense te help groei in hulle liefde en begrip van God se Woord. Nooi jou groep ook om die dienste by te woon.

Ons vertrou dat jy die gids voldoende sal vind vir al jou vra, maar indien jy onseker is oor iets of daar iets opduik in jou groep waarmee ons kan help, kontak gerus vir Riaan Bergh by die kerk (riaanbergh@kerk.co.za) en hy sal julle graag help en bystaan.

Mag die Here jou groep se oë oopmaak om wonderlike dinge in sy Woord te sien soos julle saam deur die Nuwe Testament lees.

# GIDS VIR GROEPE

## Hoe dit werk

Groepe bestaan uit 8-12 mense vanuit jou gemeenskap. Hierdie is ook 'n geleentheid om van jou vriende, kollegas, en van jou bure te nooi om deel te word van 'n groep. Probeer egter jou groep kleiner as 12 mense hou omdat dit daarna moeiliker word om te bestuur.

Kom weekliks bymekaar en beplan julle groepstyd vir so 60-90 minute waarin julle die week se leeswerk bespreek. Respekteer jou groeplede se tyd deur op tyd te begin en op tyd te eindig soos julle ooreengekom het. Wanneer julle tyd verby is, gee mense die opsie om te gaan indien hulle wil. Natuurlik kan julle ook langer gesels, maar besluit hoe julle dit gaan bestuur.

Selfs al is jy die groep HELPer, hoef julle byeenkoms nie by jou huis te wees nie en jy hoef ook nie elke week 'n eetding te reël nie. Kies 'n plek wat gemaklik, stil en sonder afleidings is. 'n Eetding voor of na julle gesprek is altyd 'n goeie idee. Sommige groepe eet saam, maar wees ook wys omdat baie van jou groeplede dalk deelneem aan die 21 Dae Vas en Gebed gedurende hierdie tyd.

## Daaglikse Wenke

Verbind jouself om die gedeeltes van begin tot einde te lees. Indien jou Bybel notas met ekstra inligting bevat, probeer om dit nie te lees nie en ook nie dieper in die week se leeswerk te delf nie. Lees die gedeelte, amper soos 'n storie, en los die dieper delf vir later. Ons hart is dat jy 'n groot oorsig oor alles sal kry en dit amper soos 'n storieboek of brief sal lees.

Lees elke dag se gedeelte soos uiteengesit in die leesplan. Probeer ook die bykomende hulpbronne (video's) van die kerk deur te werk om jou te help om 'n goeie oorsig te kry. Sommige mense kies om na die Bybel te luister terwyl hulle lees. Probeer om die lees deel van jou daaglikse skedule te maak.

Soos jy lees, dink aan die onderwerpe en vrae wat jy wil gebruik om julle gesprek te begin. Daar mag dalk dele van die leeswerk wees wat vir jou uitstaan of wat vrae by jou skep.

## Weeklikse Groepstyd

Kom elke week in julle groep bymekaar en gesels oor dit wat julle gelees het. Dink oor hierdie bymekaarkom geleenthede as 'n *book club* eerder as 'n Bybelstudie. Julle gaan net gesels oor wat vir julle uitgestaan het in dit wat julle gelees het. Die doel is om 'n oop en eerlike gesprek te hê oor dit wat jy beleef het in die week se leeswerk.

Gebruik die volgende vier vrae en berei voor om hulle te beantwoord in julle weeklikse byeenkomste. Onthou die doel van elkeen van hierdie vrae is om gesprekke te ontwikkel en nie net vinnige reaksies nie.

4 Vrae om gesprekke te begin:

- Wat het hierdie week vir jou uitgestaan?
- Was daar enige iets wat jou verwar of ontstel het?
- Het enige iets jou anders oor God laat dink?
- Hoe kan dit wat jy gelees het, verandering bring in hoe jy leef?

# GIDS VIR HELPers

- Moedig jou groep aan om by die leesplan te hou. Daar sal natuurlik dae wees wat hulle nie by die dag se leeswerk uitkom nie, maar moedig hulle aan om nie te ver agter te raak nie – indien jy 'n dag mis, probeer om nie twee dae te mis nie. Indien iemand in jou groep nie betyds by die leeswerk uitgekom het voor julle byeenkoms nie, laat hulle weer met die volgende week se leeswerk begin eerder as om te probeer inhaal. Hulle kan altyd later teruggaan en inhaal.

- Maak gebed deel van die ervaring. Moedig groepslede aan om elke dag voor hulle die dag se gedeelte lees, te bid en die Heilige Gees te vra om hulle harte oop te maak om God se Woord te ontvang. Begin ook elke groepsbespreking met gebed.

- Maak die tye wat julle groepstyd begin en eindig duidelik vir almal en hou daarby.

- Soms sal groepslede iets spesifiek aan die begin van julle gesprek hê waaroor hulle wil gesels. Indien dit nie die geval is nie, gebruik die vrae om die gesprek te lei.

- Beklemtoon respek vir almal. Indien jy wil, kan jy die volgende reëls vir 'n goeie gesprek aan die begin van elke byeenkoms deel:

    1. Moenie die gesprek domineer nie.
    2. Luister aandagtig na ander.
    3. Respekteer ander en dit wat hulle deel, selfs al stem jy nie saam nie.
    4. Probeer om nie te onderbreek nie – jy sal ook 'n kans kry om te gesels.

- Sommige mense sal dalk tydens julle gesprek begin soek vir antwoorde op die internet. Dit kan dalk in sommige gevalle behulpsaam wees, maar probeer dat dit nie die groepsbespreking onderbreek nie. Moedig groepslede aan om betrokke te bly in die gesprek. Dinge kan later opgesoek word.

- Probeer dat die gesprek nie stagneer nie. As 'n gesprek of vraag te moeilik is, moenie dat dit die vloei van die aand belemmer nie. Sit dit eerder eenkant vir later, kontak 'n leier by die kerk vir hulp, en kom dan volgende week terug met 'n antwoord.

# HULPBRONNE

## Bybelvertalings

Jy is welkom om die gedeeltes in 'n Bybelvertaling wat vir jou gemaklik is te lees. Almal in jou groep hoef nie dieselfde vertaling te lees nie. Vra dat die Heilige Gees vir jou die Woord van God sal oopbreek en dat die woorde op papier lewendig in jou hart sal word. Psalm 119:18(AFR20) sê: *“Maak oop my oë, sodat ek die wonders uit u wet kan raaksien.”* Verskillende vertalings in die groep kan bydra tot die totale ervaring van dit wat God vir julle wil kom wys. Respekteer ander mense se voorkeur en moenie dat Bybelvertalings 'n strydpunt raak nie. Die doel van hierdie groep is om die Woord te lees.

## Kragtige Video Hulpbronne

Filippus vra: “Verstaan u wat u lees?" Die Etiopiër antwoord: "Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie?"

Elke week is daar video’s van BibleProject wat jy met jou groep kan deel deur die QR kode te skandeer of die skakels te kliek. Hierdie videos is ook beskikbaar in Engels op BibleProject se webwerf, indien jy eerder die Engelse video’s van BibleProject wil kyk, skandeer gerus die kode langsaan wat jou daarheen sal neem.

## Gratis Oudio Vertaling

Die YouVersion Bible App het ongeveer 3700 vertalings in 2300+ tale beskikbaar. Indien lees dalk vir jou met uitdagings kom, kan die Afrikaanse oudio weergawe van die Nuwe Lewende Vertaling jou dalk van groot hulp wees. Soek gerus na YouVersion op Google Play of in die Apple Store.

***Oorsig oor die Nuwe Testament:***

***BibleProject in Engels:***